



’n Span se krag lê in die verskeidenheid mense daarin - dink net wat sal in Suid-Afrika gebeur as meer mense dit beseef

Mnr. Hokkie, én ’n meneer

Austin Smith, kaptein van Suid-Afrika se manshokkiespan, het sy sukses op die hokkieveld nie net aan sy gene te danke nie, maar ook aan harde werk en hope deursettingsvermoë

Deur ILSE SALZWEDEL. Foto deur KENT LOCKE

gehad het ...

Dit was die beste kinderjare waarvoor jy kon wens! My ouers het ’n tehuis vir sowat sestig seuns bestuur. Dit was op ’n groot stuk grond, met ’n reuse-swembad, sokkerveld, krieketnette en baie diere! Ek was van kleins af gek daarna om buite te wees, en altyd besig om die tuinier te help, of om saam met my sestig “broers” die een of ander speletjie te speel. Ek was die jongste van vier, en tussen my ouer broer en twee susters en die ander kinders was daar nooit ’n tekort aan geselskap nie. En altyd ’n span om in te speel!

Waar kom jou liefde vir sport vandaan?

Ek veronderstel my liefde vir sport kom van my familie af. My hokkiegene het ek aan my ouers te danke. My pa het vir Engeland se o/23-span gespeel voordat hy na Suid-Afrika geëmigreer het, en my ma het vir die W.P. gespeel. Vrydagaande moes daar fyn vir Saterdag beplan word, want my broer en ek het albei sokker én hokkie gespeel, en my ouers en sussies het hul eie hokkiewedstryde gehad. Dit was soms nogal ’n uitdaging om almal se skedules te koördineer! Ons het mekaar ondersteun en wedersyds na mekaar se wedstryde gaan kyk, wat natuurlik

Jou ouers se werk het verseker dat jy baie unieke kinderjare

Die 31-jarige Kapenaar, wat die laaste paar jaar klubhokkie in Nederland speel, voer sedert 2009 ons manshokkiespan in internasionale wedstryde aan, ’n eer waarvoor hy nie uitgepraat kan raak nie. “Ek glo ’n mens lei deur jou voorbeeld en dit dwing my om aan te hou werk om die heel beste hokkiespeler moontlik te wees.” Hoewel sy span die Afrika-beker gewen en daarmee vir die Olimpiese Spele in Rio gekwalifiseer het, kon hulle nie in Rio deelneem nie.

(Austin wou nie oor die redes uitwei nie, maar daar is wyd in die media oor politieke inmenging berig.) Maar al was die teleurstelling groot, laat dié vriendelike, nederige – en aantreklike! – Kapenaar hom nie onderkry nie.

gehelp het dat ek by almal kon leer.

Was jy van kleins af mededingend?

Ek en my broer het altyd teen mekaar meegeding, en ek moet bieg dat nie een van ons baie nederig was wanneer ons gewen het nie. Daarby was ons ook nie eintlik goeie verloeders nie! Maar hy was ses jaar ouer as ek en vir my het dit meestal in ’n nederlaag en tranedal geëindig. My beste kleintydherinnering is ons twee se sokkerspelery. Ons kon ure lank die bal vir mekaar skop, selfs toe hy op krukke was nadat hy sy enkel gebreek het. Niks kon ons onderkry nie.

Hoekom het jy besluit om onderwys te studeer?

Ek het as twaalfjarige al geweet ek wil ’n onderwyser word, nes my held en rolmodel Murray Anderson, my graadsewe-onderwyser by Pinelands North. Ek het my passie vir hokkie by hom gekry en hy inspireer my steeds. Ek het twee jaar lank voltyds onderwys gestudeer, maar toe ek in Engeland hokkie gaan speel het, het ek my graad deur UNISA voltooi. Dit het langer geneem, want soms het my deelname aan die Wêreldbekerkampioenskapsbyeenkomste en Olimpiese Spele dit onmoontlik gemaak om vir eksamens te kon registreer.

Hoe oud was jy toe jy hokkie begin speel het?

Ek het begin speel toe ek begin loop het. My ouers glo balans is belangrik, en het my altyd aangemoedig om soveel sportsoorte moontlik te beoefen. Ek het ook van kleins af sokker, gholf, tennis en krieket gespeel.

Hoekom fokus jy toe op hokkie?

Dis ’n taktiese spel wat baie vaardigheid vereis. Dit stel hoë eise aan jou lyf, en vereis baie konsentrasie – daar is so baie in ’n wedstryd aan die gang. Ek hou baie van spansport, veral op nasionale vlak. Ons nasionale span bestaan uit *great* ouens wat die toere soveel meer pret maak en beslis bydra tot die kameraderie op die veld.

Hoe moeilik is dit om ’n bestaan uit hokkie te maak?

Baie! Daar is min geleenthede in Suid-Afrika, en jy kan nie sommer net oorsee gaan en dadelik vir groot geld speel nie. In Engeland het ek voltyds by ’n skool gewerk, deelyds studeer en ek moes boonop betaal om hokkie te kon speel. Ek speel al sedert 2005 oorsee en ek wou regtig al soveel keer net oppak en huis toe kom. Ek het ’n hele paar jaar lank baie swaar gekry voor ek in die posisie was om net hokkie te speel. Ek is tans by ’n klub in Nederland en is mal daarvoor om betaal te word om hokkie te speel, maar dit het eers gebeur toe ek so 25 was. In Suid-Afrika is daar gelukkig nou meer geleenthede vir goeie afrigters. Ek hou soms afrigtingsklinieke wanneer ek hier is. Maar ek is meestal op die hokkiebaan, of in die gimnasium. Ek weet ek gaan nie vir altyd kan hokkie speel nie, maar terwyl ek kan, wil ek alles gee.

‘Sport leer ’n mens om ná ’n val weer op te staan en aan te hou’

Vertel ons van die aanpassing so ver van die huis af ...

Ek het al van my beste én slegste tye oorsee gehad. Daardie eerste aand in Engeland het ek gewonder wat op aarde ek daar doen! Die eerste maand het ek niemand geken nie en boonop moes ek myself van vooraf op die hokkieveld bewys. Dit klink na so ’n cliché, maar dis my ouers en familie wat ek meer as enigiemand anders mis. Die feit dat my Nederlandse meisie enige tyd by haar ouers kan gaan inloer, herinner my altyd hoe baie ek hulle mis.

DIE MAN AGTER DIE SPAN

Austin sê dis vir hom **vreeslik moeilik** om stil te sit. “My kop skakel nie sommer af nie. Ek is altyd die eerste ou wat ’n speletjie voorstel – veral as daar iets **op die spel** is en nie sommer net vir die pret nie,” sê hy laggend.

Hy glo in **balans**, en eet meestal gezond. “Maar kitskos af en toe is in orde – my **skelm plesiertjie** is ’n Steers-burger. As ’n mens na sy plat maag en gebeitelde spiere kyk, is dit moeilik om te glo dat **aartappelskyfies** sy ander groot liefde is. Ek is ook dol op enige **koue** drankie – my meisie wil haar doodlag dat ek ys in alles sit, maak nie saak hoe koud dit buite is nie.”

Austin en die Nederlandse hokkiespeler **Colette de Beaumont** gaan al die afgelope **vier jaar** uit. “Dit help beslis dat sy ook ernstig oor hokkie is. Sy het begrip daarvoor dat ek haar nie gedurig kan bel wanneer ek op toer is nie. En,” voeg hy laggend by, “Hollanders is nogal **reguit** mense. Sy is beslis nie skaam om my op my plek te sit nie!”

Hy **geniet** die lewe in Nederland. “Ek het wonderlike vriende gemaak en my Nederlands word ook al hoe beter, wat dinge baie lekkerder maak. Aanvanklik kon ek kwalik ’n sin uitkry.” Hy vertel hoe hy sommige **Nederlandse tradisies** geniet, soos **“borreltijd”**. “Dit beteken dat jy en jou vriende ná werk bymekaar kom om oor ’n bordjie versnaperinge te kuier.”

Hy is in 2015 aangewys as een van die tydskrif *Cosmopolitan* se **sexy-ste manne**. “Dit was ’n groot eer – ek het myself nog nooit in daardie lig gesien nie.” Hy lag steeds oor die **fotosessie**. “Dit was groot pret, maar almal was stomverbaas toe ek met ’n bolyf **vol borshare** daar opdaag. Hulle het my vinnig met ’n ontharingsroom bygekom.”

Gelukkig het ek wonderlike vriende in Suid-Afrika, en wanneer ek huis toe kom, is dit asof ek nooit weg was nie. Hulle is van my grootste ondersteuners en ek is hulle baie dank verskuldig. **Het jy raad vir iemand wat ’n loopbaan as professionele speler in enige sport oorweeg?**

Die basiese beginsels is dieselfde, ongeag die sportsoort. Moenie te gou spesialiseer nie – veral nie in spansport soos hokkie, sokker, rugby of netbal nie. Jy moet ook ’n plan B hê – een ernstige besering kan die einde van jou loopbaan wees. Dit vereis ongelooflike harde werk en opoffering om ’n elite-speler te word – die enigste plek waar sukses voor werk kom, is in die woordeboek. Om enige vaardigheid goed te bemeester, verg ontelbare ure se intense oefening en die regte ingesteldheid. Stel vir jouself doelwitte vir kort en lang termyn.

Wat wag ná hokkie?

Ek sou graag as onderwyser ’n verskil in die wêreld wil maak. Ek glo ons kan met goeie skole en opvoedingsgeleenthede van Suid-Afrika een van die beste multikulturele samelewings maak.

Watter lewenslesse het sport jou geleer?

Wow, meer as wat ek kan tel! Die grootse een is seker iets wat my tannie ook altyd vir my gesê het: die lewe is nie regverdig nie. Soms verloor die beste span. Sport leer ’n mens ook om na ’n val weer op te staan. Dit het my ook geleer om mense te aanvaar wat nie soos ek optree, dink of glo nie. ’n Span se krag lê in die verskeidenheid mense daarin – dink net wat sal in Suid-Afrika gebeur as meer mense dit beseef. **rr**